Republiek van Suid-Afrika ◆ Republic of South Africa

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

Prys 10c Price
Oorsee 15c Overseas
POSVRY – POST FREE

VOL. 23.] PRETORIA, 27 JANUARIE 27 JANUARY 1967. [No. 1641.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 98.] [27 Januarie 1967.

SUID-AFRIKAANSE MUNT.

SKEIKUNDIGE ONTLEDING VAN MINERALE.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die skeikundige ontleding en essaiëring van rotse, ertse en minerale op die voorwaardes soos uiteengesit in die Bylae hiervan deur die Direkteur van die S.A. Munt, Posbus 464, Pretoria, onderneem word.

Hierdie diens is bedoel vir slegs prospekteerders en Staatsdepartemente ten opsigte van monsters afkomstig uit die Republiek van Suid-Afrika en die gebied van Suidwes-Afrika en is nie vir partye wat finansiëel daartoe in staat is om hulle eie reëlings te tref, beskikbaar nie.

Goewermentskennisgewing No. 649 van 5 Mei 1961 word hierby herroep.

Die identifisering en/of mineralogiese ondersoek van minerale, ertse of gesteentes word nog, soos in die verlede, deur die Direkteur, Geologiese Opname, Posbus 401, Pretoria, onderneem op die voorwaardes deur daardie inrigting gestel.

J. J. GROENEWALD,
Direkteur van die S.A. Munt.

BYLAE.

1. Die Direkteur behou hom die reg voor om die ontleding van monsters wat hy nie as van voldoende belang beskou om 'n ontleding te regverdig nie, te weier sonder om spesiale redes vir sodanige weiering te verstrek.

2. Indien moontlik, moet die gewig van elke monster tussen 1 en 3 lb. wees, maar in elk geval nie meer as 3 lb. nie.

3. Die pakket wat die monster bevat, moet sowel binnein as buite-op voorsien wees van 'n etiket waarop die naam en adres van die insender duidelik verskyn. By die eerste insending van 'n monster deur 'n prospekteerder moet sy lisensie (wat ter bestemdertyd teruggestuur sal word), ingedien word vir registrasiedoeleindes. Wanneer latere monsters ingestuur word, word slegs die nommer en datum van die lisensie verlang. 'n Brief wat die nommer en datum van die prospekteerlisensie en volledige besonderhede van die herkoms van die monster verstrek, soos die plek, naam en nommer van die plaas en die distrik waarin dit geleë is, moet in 'n afsonderlike omslag aangestuur word.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 98.] [27 January 1967.

SOUTH AFRICAN MINT.

CHEMICAL ANALYSIS OF MINERALS.

It is hereby notified for general information that the chemical analysis and assaying of rocks, ores and minerals are undertaken by the Director of the S.A. Mint, P.O. Box 464, Pretoria, subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

This service is intended for prospectors and Government departments only in respect of samples originating from the Republic of South Africa and the territory of South West Africa and is not available to parties financially able to make their own arrangements.

Government Notice No. 649 of the 5th May, 1961, is hereby repealed.

The identification and/or mineralogical investigation of minerals, ores and rocks by the Director, Geological Survey, P.O. Box 401, Pretoria, will be continued as heretofore under the conditions imposed by that institution.

J. J. GROENEWALD,
Director of the S.A. Mint.

SCHEDULE.

1. The Director reserves the right to refuse the analysis of such samples as he may consider of not sufficient importance to warrant analysis, without furnishing special reasons for such refusal.

2. Every sample should weigh, if possible, between 1 and 3 lb., but in any case not more than 3 lb.

3. The parcel containing the samples must be clearly labelled, both on the inside and the outside, with the name and address of the sender. On the submission of the first sample by a prospector, his licence (which will be returned in due course) must be submitted for record purposes. When subsequent samples are submitted the number and date of the licence only are required. A letter giving the number and date of the prospecting licence and full particulars as to the source of the sample, such as the location, name and number of the farm concerned and the district in which the farm is situated must be sent under separate cover.

4. Monsters moet sorgvuldig verpak word ten einde te voorkom dat hulle onderweg beskadig word en sal gratis per spoor (goederetrein) of pos vervoer word mits die pakket nie meer as 3 lb. weeg nie, die monsters behoorlik verpak is om beskadiging van ander goedere of posstukke te voorkom en die omslag duidelik „AMPTELIK" gemerk is.

5. (*a*) Die koste van R4 vir elke element wat in 'n monster nagespeur moet word, is vooruitbetaalbaar aan die Direkteur van die S.A. Munt, Posbus 464, Pretoria.

(*b*) Die ontleding van 'n monster word nie onderneem nie totdat die verskuldigde bedrag ten volle deur die Direkteur van die S.A. Munt ontvang is. Indien die bedrag wat betaal is nie die koste van die ontleding dek nie, sal die insender dienooreenkomstig verwittig en die ontleding uitgestel word totdat die volle bedrag betaal is.

6. Alle monsters sal so spoedig moontlik ontleed word, maar die S.A. Munt of enigeen van sy amptenare aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir 'n verslag oor 'n skeikundige ontleding of vir die verstrekking van so 'n verslag binne 'n bepaalde tydperk nie.

7. Verslae oor of die resultate van 'n ontleding mag hoegenaamd nie vir handels- of advertensiedoeleindes of in 'n geregtelike geskil tussen private persone of tussen sodanige persone en die Regering gebruik word nie.

8. Alle inligting in verband met monsters van minerale word deur die S.A. Munt as vertroulik behandel.

9. Briewe waarin inligting ooreenkomstig paragraaf 3 hiervan verstrek word of geld ter vereffening van die ontledingskoste, mag nie saam met monsters in dieselfde houer aangestuur word nie maar moet in 'n aparte omslag op die gewone manier aan die Direkteur van die S.A. Munt gepos word.

10. Indien daar nie aan die vereistes van hierdie voorwaardes voldoen word nie, word die monster op die afsender se risiko gebêre, en indien hy dit nie binne 30 dae vanaf die datum van die kennisgewing ten dien effekte verwyder nie, word dit vernietig.

No. 116.] [27 Januarie 1967.

PLAASLIKE GEREGISTREERDE 3 PERSENT-EFFEKTE, 1958/65. SERTIFIKAAT No. 1779 VIR R30 UITGEREIK TEN GUNSTE VAN BOEDEL WYLE LOUIS SANDLER.

Aangesien daar by die Tesourie aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde effektesertifikaat wat verloor of verlê is, word hierby bekendgemaak dat, tensy die oorspronklike binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by Die Tesourie, Uniegebou, Pretoria, ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. 96.] [27 Januarie 1967.

AANSTELLING AS LID.—PLAASLIKE PADVERVOERRAAD, PRETORIA.

Sy Edele, die Minister van Vervoer, het, ingevolge die bepalings van artikel 3 (7) van die Motortransportwet, 1930 (Wet No. 39 van 1930), soos gewysig, J. H. Latsky aangestel as lid van die Plaaslike Padvervoerraad, Pretoria, vir die vergadering op 28 November 1966.

No. 97.] [27 Januarie 1967.

AANSTELLING AS LID.—PLAASLIKE PADVERVOERRAAD, PRETORIA.

Sy Edele, die Miniser van Vervoer het, ingevolge die bepalings van artikel 3 (7) van die Motortransportwet, 1930 (Wet No. 39 van 1930), soos gewysig, J. H. Latsky aangestel as lid van die Plaaslike Padvervoerraad, Pretoria, vir die vergadering op 12 Desember 1966.

4. Samples must be carefully packed so as to obviate any damage during transit and will be conveyed free of charge by rail (goods train) or by post, provided that the packet does not exceed 3 lb. in weight, that the samples are properly packed to prevent damage to other goods or mail matter, and that the cover is clearly marked "OFFICIAL".

5. (*a*) The charge of R4 for each element to be traced in a sample, is payable in advance to the Director of the S.A. Mint, P.O. Box 464, Pretoria.

(*b*) The analysis of a sample will not be undertaken until the amount due is received in full by the Director of the S.A. Mint. If the amount paid does not cover the charge for the analysis the consignor will be notified accordingly, and the analysis postponed until the full amount has been paid.

6. All samples will be analysed as promptly as possible but no responsibility or liability for a report on the chemical analysis or for furnishing such a report within a specified period will be accepted by the S.A. Mint or any of its officers.

7. Reports on or the results of any analysis may on no account be used for trading or advertising or in any legal dispute between private persons or between such persons and the Government.

8. All information in connection with samples of minerals is treated by the S.A. Mint as confidential.

9. Letters furnishing information in accordance with paragraph 3 hereof, or money in payment of the analysis charges, may not be dispatched with samples in the same container, but must be posted under separate cover to the Director of the S.A. Mint in the normal manner.

10. If the requirements of these conditions are not complied with, the sample will be stored at the consignor's risk, and, if not removed by him within 30 days from the date of notification to that effect, it will be destroyed.

No. 116.] [27 January 1967.

3 PER CENT LOCAL REGISTERED STOCK, 1958/65. CERTIFICATE No. 1779 FOR R30 ISSUED IN FAVOUR OF ESTATE LATE LOUIS SANDLER.

Application having been made to the Treasury for a duplicate of the above-mentioned Certificate of Stock the original having been lost or mislaid, notice is hereby given that, unless the original is produced at the Treasury, Union Buildings, Pretoria, within four weeks from the date of publication of this notice, a duplicate as applied for will be issued.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. 96.] [27 January 1967.

APPOINTMENT OF MEMBER.—LOCAL ROAD TRANSPORTATION BOARD, PRETORIA.

The Honourable the Minister for Transport has, in terms of the provisions of section 3 (7) of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act No. 39 of 1930), as amended, appointed J. H. Latsky as a member of the Local Road Transportation Board, Pretoria, for the meeting on 28 November 1966.

No. 97.] [27 January 1967.

APPOINTMENT OF MEMBER.—LOCAL ROAD TRANSPORTATION BOARD, PRETORIA.

The Honourable the Minister for Transport has, in terms of the provision of section 3 (7) of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act No. 39 of 1930), as amended, appointed J. H. Latsky as a member of the Local Road Transportation Board, Pretoria, for the meeting on 12 December 1966.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 80.] [20 Januarie 1967.

DOEANEWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE—LYS No. C.38.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (*b*) van artikel *eenhonderd-en-dertien* van die Doeanewet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), beslis dat onderstaande goedere aanstootlik is:—

1. *Chinese Medical Journal*, Uitgegee deur/*Published by* Chinese Medical Association, Peking. Alle Uitgawes/*All Editions*.
2. *Information Bulletin*, Uitgegee deur/*Published by* International Student Conference (I.S.C.). Alle Uitgawes/*All Editions*.
3. *Qhobosheane* (Newspaper) Gedruk en uitgegee /*Printed and Published* in Maseru, Lesotho. Alle Uitgawes/*All Editions*.
4. *Unity* (Newsletter) Gedruk/*Printed* in Zambia. Alle Uitgawes/*All Editions*.

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

DEPARTMENT OF INTERIOR.

No. 80.] [20 January 1967.

CUSTOMS ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS— LIST No. C.38.

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (*b*) of section *one hundred and thirteen* of the Customs Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are objectionable:—

1. *Chinese Medical Journal*, Uitgegee deur/*Published by* Chinese Medical Association, Peking. Alle Uitgawes/*All Editions*.
2. *Information Bulletin*, Uitgegee deur/*Published by* International Student Conference (I.S.C.). Alle Uitgawes/*All Editions*.
3. *Qhobosheane* (Newspaper) Gedruk en uitgegee /*Printed and Published* in Maseru, Lesotho. Alle Uitgawes/*All Editions*.
4. *Unity* (Newsletter) Gedruk/*Printed* in Zambia. Alle Uitgawes/*All Editions*.

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

20-27

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

No. 103.] [27 Januarie 1967.

DIE RAAD VIR TANDWERKTUIGKUNDIGES.—VERKIESING VAN LEDE.

Hierby word bekendgemaak dat by 'n verkiesing van lede van die Raad vir Tandwerktuigkundiges vir die drie jaar eindigende 7 Februarie 1970, gehou ingevolge die bepalings van die Wet op Tandwerktuigkundiges, 1945 (Wet No. 30 van 1945), die getal stemme wat hieronder voorkom, op die onderskeie kandidate uitgebring is:—

(1) *Tandwerktuigkundiges* [*Artikel* 3 (1) (*b*) van Wet *No.* 30 *van* 1945].

Du Plessis, Francois Phillipus	32
Sharp-Mare, Henry Stephen	102
Zawels, Aron David	79

(2) *Tandwerktuigkundige werknemers* [*Artikel* 3 (1) (*c*) *van Wet No.* 30 *van* 1945].

Buret, Edward Albert James	66
Jarman, Eric Lowell	58
Stuhler, Franz Gotthilf	29

Die kandidate wie se name hieronder voorkom, is as behoorlik verkies verklaar:—

(1) Sharp-Mare, Henry Stephen.
(2) Buret, Edward Albert James.
Jarman, Eric Lowell.

A. D. VAN DER MERWE,
Kiesbeampte.

Pretoria, 20 Desember 1966.

DEPARTMENT OF HEALTH.

No. 103.] [27 January 1967.

THE DENTAL MECHANICIANS BOARD.—ELECTION OF MEMBERS.

It is hereby notified that at an election of members of the Dental Mechanicians Board for the three years ending 7th February, 1970, held in accordance with the provisions of the Dental Mechanicians Act, 1945 (Act No. 30 of 1945), the number of votes appearing below were recorded for the respective candidates:—

(1) *Dental Mechanicians* [*Section* 3 (1) (*b*) *of Act No.* 30 *of* 1945].

Du Plessis, Francois Phillipus	32
Sharp-Mare, Henry Stephen	102
Zawels, Aron David	79

(2) *Dental Mechanician Employees* [*Section* 3 (1) (*c*) *of Act No.* 30 *of* 1945].

Buret, Edward Albert James	66
Jarman, Eric Lowell	58
Stuhler, Franz Gotthilf	29

The candidates whose names appear below have been declared duly elected:—

(1) Sharp-Mare, Henry Stephen.
(2) Buret, Edward Albert James.
Jarman, Eric Lowell.

A. D. VAN DER MERWE,
Returning Officer.

Pretoria, 20th December, 1966.

No. 105.] [27 Januarie 1967.

UITBREIDING VAN DIE VERSKAFFINGSTERREIN VAN DIE RANDWATERRAAD, DISTRIK DELMAS.

Hierby word bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om kragtens die bepalings van artikel 112 van die Private Wet op die Randwaterraadstatute, 1950 (Wet No. 17 van 1950), soos gewysig by Wet No. 29 van 1964, die gebied geleë in die verskaffingsterrein van die Randwaterraad uit te brei sodat dit die gebied wat soos volg begrens is, insluit:—

Begin by die noordelikste baken van die plaas Geigerle No. 238—I.R., distrik Springs, wat 'n punt op die grens van die Raad se huidige verskaffingsterrein is; daarvandaan algemeen noordwaarts, ooswaarts en suidwaarts langs die grense van die plaas Rietkol No. 237—I.R., distrik Delmas, tot by suidelikste baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan suidooswaarts en suidweswaarts langs die grense van die plaas Droogefontein No. 242—I.R., distrik Delmas, tot by die suidelikste baken van laasgenoemde plaas, 'n punt op die grens van die Raad se huidige

No. 105.] [27 January 1967.

EXTENSION OF LIMITS OF SUPPLY OF RAND WATER BOARD.—DISTRICT OF DELMAS.

It is hereby noted that the State President has been pleased, under the provisions of section 112 of the Rand Water Board Statutes (Private), Act, 1950 (Act No. 17 of 1950), as amended, by Act No. 29 of 1964, to extend the area comprised in the limits of supply of the Rand Water Board so as to include the area bounded as follows:—

Commencing at the northernmost beacon of the farm Geigerle No. 238—I.R., District of Springs, which is a point on the boundary of the Board's present limits of supply; thence generally northwards, eastwards and southwards along the boundaries of the farm Rietkol No. 237—I.R., District of Delmas, to the southernmost beacon of the last-mentioned farm; thence south-eastwards and south-westwards along the boundaries of the farm Droogefontein No. 242—I.R., District of Delmas, to the southernmost beacon of the last-mentioned farm, a point on the boundary of the Board's present limits of supply;

verskaffingsterrein; daarvandaan algemeen weswaarts en noordwaarts langs die grens van die Raad se huidige verskaffingsterrein tot by die noordelikste baken van die plaas Geigerle No. 238—I.R., distrik Springs, die beginpunt.

Die plase Rietkol No. 237—I.R., en Droogefontein No. 242—I.R., albei in die distrik Delmas, behels die hele gebied soos hierbo omskryf.

No. 106.] [27 Januarie 1967.

BEVOEGDHEID OM SERTIFIKATE IN PRAKTIESE GESONDHEIDSDIENS UIT TE REIK.—ARTIKEL 14 VAN DIE VOLKSGEZONDHEIDS-WET, No. 36 VAN 1919.

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 14 (2) van die Volksgezondheidswet, 1919 (Wet No. 36 van 1919), die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap tot 'n bevoegde outoriteit verklaar om sertifikate in praktiese gesondheidsdiens uit te reik.

DEPARTEMENT VAN TOERISME.

No. 95.] [27 Januarie 1967.

SUID-AFRIKAANSE TOERISTEKORPORASIE.

WYSIGING VAN PERSONEELREGULASIES.

Kragtens artikel 16 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie, 1947 (Wet No. 54 van 1947), soos gewysig, het die Minister van Toerisme die regulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 3211 van 29 Desember 1950 en gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 2662 van 31 Desember 1954, 2320 van 25 November 1955, 989 van 1 Junie 1956 en 232 van 21 Julie 1961, met ingang van 1 September 1966 soos volg gewysig:—

1. Deur die invoeging van die volgende woordomskrywings in regulasie 1:—

„, rusdag' 'n Saterdag, Sondag of openbare feesdag genoem in die Eerste Bylae van die Wet op Openbare Feesdae, 1952 (Wet No. 5 van 1952), soos gewysig, in die geval van 'n werknemer wat nie gewoonlik op sodanige dag werk nie"; en

„, diens', vir die doeleindes van afwesigheidsverlof, ook alle voltooide diens van 'n werknemer, deur die Raad as toepaslik beskou, in enige hoedanigheid voor sy aanstelling by die Korporasie,".

2. (*a*) Deur subregulasie (5) van regulasie 7 deur die volgende subregulasie te vervang:—

„(5) Rusdae wat binne 'n verloftydperk val, word geag deel van sodanige verlof uit te maak;".

(*b*) Deur subregulasie (6) van regulasie 7 deur die volgende subregulasie te vervang:—

„(6) Vir die doeleindes van die toestaan van afwesigheidsverlof, word werknemers in ondergemelde groepe ingedeel en kan verlof dienooreenkomstig aan hulle toegestaan word:—

Groep.	*Indeling.*	*Aanwas (dae per jaar).*
I	Werknemers wat vyftien jaar of langer diens voltooi het.....	38
II	Werknemers wat tien jaar of langer maar minder as vyftien jaar diens voltooi het	34
III	Werknemers wat minder as tien jaar diens voltooi het.....	30;"

(*c*) Deur subregulasies (7) en (8) van regulasie 7 te skrap.

(*d*) Deur subregulasies (9) tot en met (13) van regulasie 7 tot (7) tot en met (11) te hernommer.

thence generally westwards and northwards along the boundary of the Board's present limits of supply to the northernmost beacon of the farm Geigerle No. 238—I.R., District of Springs, the point of beginning.

The farms Rietkol No. 237—I.R. and Droogefontein No. 242—I.R., both in the District of Delmas, comprise the whole of the area defined above.

No. 106.] [27 January 1967.

AUTHORITY TO GRANT CERTIFICATES IN PRACTICAL SANITATION.—SECTION 14 OF THE PUBLIC HEALTH ACT, No. 36 OF 1919.

The Minister of Health has, in terms of section 14 (2) of the Public Health Act, 1919 (Act No. 36 of 1919), specified the Department of Education, Arts and Science as an authority competent to grant certificates in practical sanitation.

DEPARTMENT OF TOURISM.

No. 95.] [27 January 1967.

SOUTH AFRICAN TOURIST CORPORATION.

AMENDMENTS TO STAFF REGULATIONS.

Under and by virtue of the powers vested in him by section 16 of the South African Tourist Corporation Act, 1947 (Act No. 54 of 1947), as amended, the Minister of Tourism has amended with effect from 1st September, 1966, the regulations published under Government Notice No. 3211 of 29th December, 1950, and amended by Government Notices Nos. 2662 of 31st December, 1954, 2320 of 25th November, 1955, 989 of 1st June, 1956 and 21st July, 1961, as follows:—

1. By the insertion of the following definitions in regulation 1:—

"'day of rest' means a Saturday, Sunday or a public holiday mentioned in the First Schedule to the Public Holidays Act, 1952 (Act No. 5 of 1952), as amended, in the case of an employee who does not normally work on such a day"; and

"'service', for the purposes of leave of absence includes all service, deemed appropriate by the Board, which is performed in any capacity and which is completed prior to the appointment of an employee to the service of the Corporation".

2. (*a*) By the substitution for subregulation (5) of regulation 7, of the following subregulation:—

"(5) Days of rest falling within a period of leave shall be regarded as being a portion of such leave;".

(*b*) By the substitution for subregulation (6) of regulation 7, of the following subregulation:—

"(6) For the purposes of their being granted leave of absence, employees shall be classified in the undermentioned groups and may be granted leave accordingly:—

Group.	*Classification.*	*Accrual (Days per Annum).*
I	Employees who have completed fifteen years' or longer service.....	38
II	Employees who have completed ten years' or longer but less than fifteen years' service.....	34
III	Employees who have completed less than ten years' service.....	30;"

(*c*) By the deletion of subregulation (7) and (8) of regulation 7.

(*d*) By the renumbering of subregulations (9) to (13), inclusive, of regulation 7, to (7) to (11), inclusive.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

No. 109.] [27 Januarie 1967.

Hierby word bekendgemaak dat Sy Eksellensie die markies Alberto Paveri Fontana di Fontana Pradosa om 10.30 vm. op 12 Januarie 1967 aan die Staatspresidentswoning, Pretoria, deur die Staatspresident ontvang is en dat hy by daardie geleentheid sy Geloofsbrief as Buitengewone en Gevolmagtigde Ambassadeur van Italië in die Republiek van Suid-Afrika, oorhandig het.

No. 110.] [27 Januarie 1967.

Hierby word bekendgemaak dat Sy Eksellensie Sir John Nicolls, K.C.M.G., O.B.E., om 12-uur middag op 25 November 1966 aan die Staatspresidentswoning, Pretoria, deur die Staatspresident ontvang is en dat hy by daardie geleentheid sy Geloofsbrief as Buitengewone en Gevolmagtigde Ambassadeur van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland in die Republiek van Suid-Afrika oorhandig het.

No. 111.] [27 Januarie 1967.

Hierby word bekendgemaak dat Sy Eksellensie dr. José Eduardo de Meneses Rosa om 12-uur middag op 12 Januarie 1967, aan die Staatspresidentswoning, Pretoria, deur die Staatspresident ontvang is en dat hy by daardie geleentheid sy Gelofsbrief as Buitengewone en Gevolmagtigde Ambassadeur van Portugal in die Republiek van Suid-Afrika oorhandig het.

No. 112.] [27 Januarie 1967.

Hierby word bekendgemaak dat Sy Eksellensie dr. Enrique Juan Loncan om 12-uur middag op 29 November 1966 aan die Staatspresidentswoning, Pretoria, deur die Staatspresident ontvang is en dat hy by daardie geleentheid sy Geloofsbrief as Buitengewone en Gevolmagtigde Ambassadeur van Argentinië in die Republiek van Suid-Afrika oorhandig het.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 104.] [27 Januarie 1967.

MUNISIPALITEIT VAN OOS-LONDEN.—OMSKRYWING VAN BANTOEWOONGEBIED EN BANTOEDORP.

Ek, MICHIEL COENRAAD BOTHA, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, omskryf hierby, ingevolge die bepalings van artikel 2 (1) *bis* van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos in die Bylae hiervan uiteengesit, die Bantoewoongebied en Bantoedorp, geleë binne die regsgebied van die stedelike plaaslike bestuur van Oos-Londen, wat ingevolge die bepalings van artikel 3 (2) van genoemde Wet verklein is.

Goewermentskennisgewing No. 934 van 15 Junie 1962 word hierby herroep.

M. C. BOTHA,
Minister van Bantoe-administrasie- en -ontwikkeling.

BYLAE.

'n Sekere stuk grond soos aangetoon op planne wat in die kantore van die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Pretoria, en van die Stadsklerk, Oos-Londen, bewaar word en as volg omskryf is:—

Begin by 'n punt A, 150 jaarts noordoos van die suidelike hoek van Brookmeadlandgoed (Perseel No. 23, Amalinda), en op die grens tussen Afdeling H en 'n strook staatsgrond; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting oor

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS.

No. 109.] [27 January 1967.

It is hereby notified that His Excellency the Marquess Alberto Paveri Fontana di Fontana Pradosa was received by the State President at the State President's residence, Pretoria, at 10.30 a.m. on 12th January, 1967, on which occasion he presented his Letter of Credence as Ambassador Extraordinary and Plenipotentiary of Italy in the Republic of South Africa.

No. 110.] [27 January 1967.

It is hereby notified that His Excellency Sir John Nicolls, K.C.M.G., O.B.E., was received by the State President at the State President's residence, Pretoria, at 12 noon on 25th November, 1966, on which occasion he presented his Letter of Credence as Ambassador Extraordinary and Plenipotentiary of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland in the Republic of South Africa.

No. 111.] [27 January 1967.

It is hereby notified that His Excellency Dr. José Eduardo de Meneses Rosa was received by the State President at the State President's residence, Pretoria, at 12 noon on 12th January, 1967, on which occasion he presented his Letter of Credence as Ambassador Extraordinary and Plenipotentiary of Portugal in the Republic of South Africa.

No. 112.] [27 January 1967.

It is hereby notified that His Excellency Dr. Enrique Juan Loncan was received by the State President at the State President's residence, Pretoria, at 12 noon on 29th November, 1966, on which occasion he presented his Letter of Credence as Ambassador Extraordinary and Plenipotentiary of Argentine in the Republic of South Africa.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 104.] [27 January 1967.

MUNICIPALITY OF EAST LONDON.—DESCRIPTION OF BANTU RESIDENTIAL AREA AND BANTU VILLAGE.

I, MICHIEL COENRAAD BOTHA, Minister of Bantu Administration and Development, hereby describe, in terms of the provisions of section 2 (1) *bis* of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as set forth in the Schedule hereto, the Bantu residential area and Bantu Village, situate within the area of jurisdiction of the urban local authority of East London, which has been curtailed under section 3 (2) of the said Act.

Government Notice No. 934, dated 15th June, 1962, is hereby repealed.

M. C. BOTHA,
Minister of Bantu Administration and Development.

SCHEDULE.

A certain area of land, as shown on plans filed in the offices of the Secretary for Bantu Administration and Development, Pretoria, and of the Town Clerk, East London, and described as follows:—

Beginning at a point A, 150 yards north-east of the southern corner of Brookmead Estate (Lot No. 23, Amalinda) and on the boundary between Section H and a strip of State-owned land; thence in a north-easterly

'n afstand van 166 jaarts langs die suidelike kant van Amalindarylaan tot by 'n punt B; daarvandaan in 'n oosnoordoostelike rigting oor 'n afstand van 237 jaarts op die suidelike kant van Amalindarylaan tot by 'n punt C; daarvandaan in 'n oossuidoostelike rigting oor 'n afstand van 80 jaarts tot by 'n punt D op die suidelike kant van Amalindarylaan; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting oor die Ncabangarivier en suid van bogenoemde pad oor 'n afstand van ongeveer 133 jaarts tot by 'n punt E; daarvandaan in 'n oostelike rigting langs die suidelike kant van, en ewewydig met, Amalindarylaan oor 'n afstand van ongeveer 560 jaarts tot by 'n punt F; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting oor 'n afstand van 183 jaarts tot by 'n punt G; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting oor 'n afstand van 133 jaarts tot by 'n punt H op die grens van die Spoorwegreserwe; daarvandaan langs die grens van die Spoorwegreserwe tot by die volgende punte: in 'n suidoostelike rigting oor 'n afstand van ongever 127 jaarts tot by 'n punt I, in 'n suidwestelike rigting oor 'n afstand van 10 jaarts tot by 'n punt J, in 'n suidoostelike rigting oor 'n afstand van 67 jaarts tot by 'n punt K, en in 'n suidoostelike rigting oor 'n afstand van 63 jaarts tot by 'n punt L; daarvandaan oor die westelike vurk van die Spoorwegreserwe in 'n oostelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 43 jaarts tot by 'n punt M; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting oor 'n afstand van 160 jaarts langs die Spoorwegreserwe tot by 'n punt N; daarvandaan in 'n suidelike rigting oor 'n afstand van 190 jaarts tot by 'n punt O, die noordelikste hoek van die Munisipale Subekonomiese Behuisingskema bekend as Milnerlandgoed; daarvandaan in 'n suidsuidwestelike rigting oor 'n afstand van 220 jaarts ewewydig met die grens van genoemde Milnerlandgoed tot by 'n punt P wat omtrent 10 jaarts wes is van die westelike hoek van Milnerlandgoed; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 330 jaarts tot by 'n punt Q, die noordelikste hoek van Braelynndorp; daarvandaan langs die grens van Braelynndorp in 'n wessuidwestelike rigting oor 'n afstand van 140 jaarts tot by 'n punt R; daarvandaan oor 'n afstand van 210 jaarts tot by 'n punt S, die noordwestelike hoek van Braelynndorp; daarvandaan in 'n suidelike rigting na die Umzabungarivier oor 'n afstand van 160 jaarts tot by 'n punt T, 30 jaarts van genoemde rivier af; daarvandaan met die rigting van genoemde rivier en omtrent ewewydig daarmee in 'n oossuidoostelike rigting oor 'n afstand van 80 jaarts tot by 'n punt U; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting oor 'n afstand van 120 jaarts tot by 'n punt V; daarvandaan in n' suidsuidwestelike rigting oor 'n afstand van 130 jaarts tot by 'n punt W, 130 jaarts suidwes van Braelynndorp en 80 jaarts suidoos van Gedeelte 2 van Afdeling G van die dorpsgrond van Oos-Londen; daarvandaan in 'n wessuidwestelike rigting oor 'n afstand van 350 jaarts oor die Umzabungarivier en die Spoorwegreserwe tot by 'n punt X, die gemeenskaplike hoekpunt van die Spoorwegreserwe en die voormalige Duncan-Bantoedorp; daarvandaan langs die grens van die voormalige Duncan-Bantoedorp en die Spoorwegreserwe in 'n suidelike rigting oor 'n afstand van 140 jaarts tot by 'n punt Y; daarvandaan in 'n wessuidwestelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 210 jaarts tot by 'n punt Z; daarvandaan in 'n wessuidwestelike rigting oor 'n afstand van 40 jaarts tot by 'n punt A1; daarvandaan in 'n noordnoordwestelike rigting oor 'n afstand van 36 jaarts tot by 'n punt B1; daarvandaan in 'n wessuidwestelike rigting oor 'n afstand van 92 jaarts tot by 'n punt C1; daarvandaan in 'n noordnoordwestelike rigting oor 'n afstand van 6 jaarts tot by 'n punt D1; daarvandaan in 'n wessuidwestelike rigting oor 'n afstand van 157 jaarts tot by 'n punt E1 aan die noordekant van Windyridgeweg sodat genoemde pad 80 Kaapse voet wyd is; daarvandaan in 'n wesnoordwestelike rigting langs die noordelike grens van Windyridgeweg oor 'n afstand van ongeveer 450 jaarts tot by 'n punt F1 by die kruispunt van Windyridgeweg en Mzonyanastraat; daarvandaan in 'n noordnoordwestelike rigting langs die oostelike grens van Mzonyanastraat oor 'n afstand van ongeveer 260 jaarts tot by 'n punt G1, by die kruispunt van Mzonyanastraat en Cemeteryweg; daarvandaan in 'n wessuidwestelike rigting langs die suidelike grens van Cemeteryweg en die verlenging daarvan, oor 'n afstand van ongeveer 110 jaarts tot by 'n punt H1 by

direction for a distance of 166 yards along the southern edge of Amalinda Drive to a point B; thence in an east-north-easterly direction for a distance of 237 yards on the southern side of Amalinda Drive to a point C; thence in an east-south-easterly direction for a distance of 80 yards to a point D on the southern side of Amalinda Drive; thence in a south-easterly direction crossing the Ncabanga River and south of the above-mentioned road for a distance of approximately 133 yards to a point E; thence in an easterly direction along the southern edge of, and parallel to, Amalinda Drive for a distance of about 560 yards to a point F; thence in a south-easterly direction for a distance of 183 yards to a point G; thence in a north-easterly direction for a distance of 133 yards to a point H on the boundary of the Railway Reserve; thence along the boundary of the Railway Reserve to the following points: In a south-easterly direction for a distance of approximately 127 yards to a point I, in a south-westerly direction for a distance of 10 yards to a point J, in a south-easterly direction for a distance of 67 yards to a point K, and in a south-south-easterly direction for a distance of 63 yards to a point L; thence across the western fork of the Railway Reserve in an easterly direction for a distance of approximately 43 yards to a point M; thence in a south-easterly direction for a distance of 160 yards along the Railway Reserve to a point N; thence in a southerly direction for a distance of 190 yards to a point O, being the northernmost corner of the Municipal Sub-Economic Housing Scheme known as Milner Estate; thence in a south-south-westerly direction for a distance of 220 yards parallel to the boundary of the said Milner Estate to a point P which is about 10 yards west of the western corner of Milner Estate; thence in a south-easterly direction for a distance of approximately 330 yards to a point Q, being the northernmost corner of Braelynn Township; thence along the boundary of Braelynn Township in a west-south-westerly direction for a distance of 140 yards to a point R; thence for a distance of 210 yards to a point S, being the north-western corner of Braelynn Township; thence in a southerly direction towards the Umzabunga River for a distance of 160 yards to a point T, 30 yards from the said river; thence following the direction of the said river and approximately parallel to it in an east-south-easterly direction for a distance of 80 yards to a point U; thence in a south-easterly direction for a distance of 120 yards to a point V; thence in a south-south-westerly direction for a distance of 130 yards to a point W, being 130 yards south-west of Braelynn Township and 80 yards south-east of Portion 2 of Section G, East London Commonage; thence in a west-south-westerly direction for a distance of 350 yards across the Umzabunga River and the Railway Reserve to a point X, being the corner point common to the Railway Reserve and the former Duncan Bantu Village; thence along the boundary of the former Duncan Bantu Village and the Railway Reserve in a southerly direction for a distance of 140 yards to a point Y; thence in a west-south-westerly direction for a distance of approximately 210 yards to a point Z; thence in a west-south-westerly direction for a distance of 40 yards to a point A1; thence in a north-north-westerly direction for a distance of 36 yards to a point B1; thence in a west-south-westerly direction for a distance of 92 yards to a point C1; thence in a north-north-westerly direction for a distance of 6 yards to a point D1; thence in a west-south-westerly direction for a distance of 157 yards to a point E1 on the northern side of Windyridge Road, so as to make the said road 80 Cape feet wide; thence in a west-north-westerly direction along the northern boundary of Windyridge Road for a distance of approximately 450 yards to a point F1 at the intersection of Windyridge Road and Mzonyana Street; thence in a north-north-westerly direction along the eastern boundary of Mzonyana Street for a distance of approximately 260 yards to a point G1, at the intersection of Mzonyana Street and Cemetery Road; thence in a west-south-westerly direction along the southern boundary of Cemetery Road, and the prolongation thereof, for a distance of approximately 110 yards to a point H1 at the point of intersection of this

die kruispunt van hierdie lyn met 'n klein onbenoemde stroompie; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting met die middel van genoemde stroompie af oor 'n afstand van ongever 500 jaarts tot by 'n punt I1 by die aansluitingspunt van hierdie stroompie en die regteroewer van die Amalindarivier; daarvandaan met die regteroewer van die Amalindarivier stroom af oor 'n afstand van ongeveer 900 jaarts tot by 'n punt J1 by die aansluitingspunt van die regteroewer van die Amalindarivier en die linkeroewer van die Umzonianarivier; daarvandaan stroom op met die linkeroewer van die Umzonianarivier tot by 'n punt K1 by die aansluitingspunt van genoemde rivier en 'n klein spruitjie ongeveer 370 jaarts oos van die grens tussen Amalindadorpsgrond A en Afdeling H van die Oos-Londen-dorpsgrond en 620 jaarts suid vanaf die gemeenskaplike hoekpunt van Erf No. 67 en Afdeling No. 1 van Erf No. 65A, Amalinda; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting oor 'n afstand van ongever 120 jaarts tot by 'n punt L1; daarvandaan in 'n wesnoordwestelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 610 jaarts tot by 'n punt M1; daarvandaan in 'n suidsuidwestelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 510 jaarts tot by 'n punt N1; daarvandaan in 'n wesnoordwestelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 530 jaarts tot by 'n punt O1; daarvandaan in 'n noordnoordoostelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 580 jaarts tot by 'n punt P1, die gemeenskaplike grenspunt tussen Amalindadorpsgrond A, Perseel No. 64 en die resterende gedeelte van Perseel No. 65A, Amalinda; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting langs die grens tussen die dorpsgrond van Amalinda A en genoemde perseel van Amalinda oor 'n afstand van omtrent 370 jaarts tot by die noordwestelike hoek van die resterende gedeelte van Afdeling A van Perseel No. 63 tot by 'n punt Q1; daarvandaan langs die suidoostelike grens van Gedeelte 1 van Afdeling A van Perseel No. 63 en die verlenging van hierdie lyn oor die Umzonianarivier, Perseel AMA en Charnwoodweg oor 'n afstand van omtrent 620 jaarts tot by die kruising van hierdie lyn en die suidwestelike grens van Perseel No. 48 tot by 'n punt R1; daarvandaan langs die grens van Perseel No. 48 in 'n noordwestelike rigting oor 'n afstand van omtrent 60 jaarts tot by die noordwestelike hoek van Perseel No. 48 tot by 'n punt S1; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting langs die noordelike grens van Perseel No. 48 en sy verlenging oor 'n afstand van ongeveer 470 jaarts tot by 'n punt T1, die kruising van hierdie lyn en die suidwestelike grens van Perseel No. 11; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting langs die suidwestelike grens van Perseel No. 11 langs oor 'n afstand van omtrent 35 jaarts tot by 'n punt U1, die gemeenskaplike punt tussen Perseel No. 11 en Perseel No. 12A; daarvandaan langs die gemeenskaplike grense van bovermelde persele in 'n noordoostelike rigting oor 'n afstand van 500 jaarts tot by die gemeenskaplike punt van hierdie twee persele by 'n punt V1; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting oor 'n afstand van 660 jaarts oor Perseel No. 8A tot by 'n punt W1 op die linkeroewer van die Amalindarivier, 20 jaarts suid van die kruising van Persele Nos. 74 en 75 met die linkeroewer van genoemde rivier; daarvandaan in 'n oostelike rigting oor Perseel No. 74 oor 'n afstand van 250 jaarts tot by 'n punt X1 op die grens tussen Perseel No. 74 en Afdeling H van die dorpsgrond van Oos-Londen; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting langs die grens van Afdeling H oor 'n afstand van 1,170 jaarts tot by die beginpunt A.

Verwysingsnommer A.19/1489.]

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. 93.] [27 Januarie 1967.

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 10 *TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET No. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 10 *ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van

line with a small unnamed stream; thence proceeding in a south-westerly direction down the middle of the said stream for a distance of approximately 500 yards to a point I1 at the junction of this stream with the right bank of the Amalinda River; thence along the right bank of the Amalinda River continuing downstream for a distance of approximately 900 yards to a point J1 at the junction of the right bank of the Amalinda River with the left bank of the Umzoniana River; thence proceeding upstream and following the left bank of the Umzoniana River to a point K1 at the junction of the said river with a small tributary approximately 370 yards east of the boundary between Amalinda Commonage A and Section H of the East London Commonage and 620 yards south of the corner point common to Lot No. 67 and Division No. 1 of Lot No. 65A, Amalinda; thence in a south-westerly direction for a distance of about 120 yards to a point L1; thence in a west-north-westerly direction for a distance of approximately 610 yards to a point M1; thence in a south-south-westerly direction for a distance of approximately 510 yards to a point N1; thence in a west-north-westerly direction for a distance of approximately 530 yards to a point O1; thence in a north-north-easterly direction for a distance of approximately 580 yards to a point P1, being the boundary point common to Amalinda Commonage A. Lot No. 64 and remainder of Lot No. 65A, Amalinda; thence in a north-westerly direction along the boundary between Amalinda Commonage A and the said lots of Amalinda for a distance of about 370 yards to the north-westerly corner of remainder of Division A of Lot No. 63 to a point Q1; thence along the south-eastern boundary of Portion 1 of Division A of Lot No. 63 and the prolongation of this line across the Umzoniana River, Lot AMA and Charnwood Road for a distance of about 620 yards to the intersection of this line and the south-western boundary of Lot No. 48 to a point R1; thence along the boundary of Lot No. 48 in a north-westerly direction for a distance of about 60 yards to the north-western corner of Lot No. 48 to a point S1; thence in a north-easterly direction along the northern boundary of Lot No. 48 and its prolongation for a distance of approximately 470 yards to a point T1, being the intersection of this line and the south-western boundary of Lot No. 11; thence in a north-easterly direction along the south-western boundary of Lot No. 11 for a distance of about 35 yards to a point U1, being the common point between Lot No. 11 and Lot No. 12A; thence along the boundaries common to the above-mentioned lots in a north-easterly direction for a distance of 500 yards to the point common to these two lots at a point V1; thence in a north-easterly direction for a distance of 660 yards across Lot No. 8A to a point W1 on the left bank of the Amalinda River 20 yards south of the intersection of Lots Nos. 74 and 75 with the left bank of the said river; thence in an easterly direction across Lot No. 74 for a distance of 250 yards to a point X1 on the boundary between Lot No. 74 and Section H of the East London Commonage; thence in a north-easterly direction along the boundary of Section H for a distance of 1,170 yards to the point of beginning A.

*Reference No. A.*19/1489.]

DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. 93.] [27 January 1967.

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION 10 *TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT No. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section 10 *ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of

kennisgewings wat ingevolge artikel 9 (1) van genoemde Wet uitgereik is waarby ondergenoemde persone verbied is om byeenkomste by te woon:—

the undermentioned particulars of notices issued in terms of section 9 (1) of the said Act whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings:—

Naam. *Name.*	Adres in kennisgewing vermeld. *Address mentioned in Notice.*	Datum waarop kennisgewing oorhandig is. *Date on which Notice was Delivered.*	Datum waarop kennisgewing verstryk. *Date on which Notice Expires.*
Ngwana, Shadrak.....	Salem-trustplaas/*Trust Farm*, Potgietersrus.....	13/12/66	30/11/68

No. 94.] [27 Januarie 1967.

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 10 *TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET No. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 10 *ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge artikel 9 (1) van genoemde Wet uitgereik is waarby ondergenoemde persone verbied is om byeenkomste by te woon:—

No. 94.] [27 January 1967.

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION 10 *TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT No. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section 10 *ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of section 9 (1) of the said Act whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings:—

Naam. *Name.*	Adres in kennisgewing vermeld. *Address mentioned in Notice.*	Datum waarop kennisgewing oorhandig is. *Date on which Notice was Delivered.*	Datum waarop kennisgewing verstryk. *Date on which Notice Expires.*
Feni, Blackie Yameni.....	Tsembeyi-lokasie/*Location*, distrik/*District of* Glen Gray	23/12/66	31/12/68
Jonas, Tembani Simon.....	Mokareng-reservaat/*Reserve*, Taung.....	7/12/66	31/10/68
Lubeko, Gilbert.....	Schmidtsdrif, distrik/*District of* Kimberley.....	8/12/66	30/11/68
Mlokoti, Tembekile Lawrence.....	424 N.D.O., Nyanga, Wynberg.....	20/12/66	31/10/68

No. 115.] [27 Januarie 1967.

INSTELLING VAN „F"-HOF TE RESIDENSIA, DISTRIK VEREENIGING.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (*f*) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), soos gewysig, bepaal ek, PETRUS CORNELIUS PELSER, Minister van Justisie—

(*a*) Residensia, in die distrik Vereeniging, Provinsie Transvaal, as 'n plek, benewens Vereeniging, die landdrossetel, waar hofsittings in gemelde distrik gehou kan word; en

(*b*) dat die plaaslike grense waarbinne sodanige hof regsmag het, dié is soos in die Bylae van hierdie kennisgewing omskryf.

P. C. PELSER,
Minister van Justisie.

BYLAE.

Begin by die noordwestelike baken van Evatondorp (Algemene Plan L.G. No. A.138/06); daarvandaan suidooswaarts, suidwaarts en weswaarts langs die grense van die volgende: Genoemde Evatondorp, Evaton Estatedorp (Algemene Plan L.G. No. A.1370/08) en genoemde Evatondorp, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word tot by die Johannesburg–Vereeniging-spoorlyn; daarvandaan algemeen suidwaarts langs genoemde spoorlyn tot by die oostelike grens van die plaas Quaggasfontein of Lapdoorns No. 548—I.Q.; daarvandaan suidwaarts, weswaarts en noordwaarts langs onderskeidelik die oostelike, suidelike en westelike grense tot by die suidoostelike baken van

No. 115.] [27 January 1967.

ESTABLISHMENT OF "F" COURT AT RESIDENSIA, DISTRICT OF VEREENIGING.

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 (*f*) of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), as amended, I, PETRUS CORNELIUS PELSER, Minister of Justice—

(*a*) appoint Residensia in the District of Vereeniging, Province of the Transvaal, as a place for the holding of a court for that District, in addition to Vereeniging, the seat of magistracy; and

(*b*) prescribe that the local limits within which such court shall have jurisdiction shall be as defined in the Schedule to this notice.

P. C. PELSER,
Minister of Justice.

SCHEDULE.

Beginning at the north-western beacon of Evaton Township (General Plan S.G. No. A.138/06); proceeding thence south-eastwards, southwards and westwards along the boundaries of the following: The said Evaton Township, Evaton Estate Township (General Plan S.G. No. A.1370/08) and the said Evaton Township, so as to include them in this area, to the Johannesburg–Vereeniging railway line; thence generally southwards along the said railway line to the eastern boundary of the farm Quaggafontein or Lapdoorns No. 548—I.Q.; thence southwards, westwards and northwards along the eastern, southern and western boundaries, respectively, to the south-eastern

die plaas Rietspruit No. 535—I.Q.; daarvandaan weswaarts langs die suidelike grens van genoemde plaas Rietspruit No. 535—I.Q. tot by Provinsiale Pad No. P.73-1; daarvandaan algemeen noordwaarts langs genoemde Provinsiale Pad No. P.73-1 tot by die westelike grens van genoemde Evatondorp; daarvandaan noordwaarts langs die westelike grens van Evatondorp tot by die noordwestelike baken daarvan, die beginpunt.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE.

No. 118.] [27 Januarie 1967.

PROKLAMERING VAN DIE NUWE GEVANGENIS TE CALEDON, KAAPPROVINSIE.

